**Ks1-020**

Kerkstraat tussen Potgieter- en Schubartstraat. **Krugerhuis voor 1896.**



Die huis van President Kruger met ‘n wag voor die hek. Links op die sypaadjie is ‘n plek vir besoekers om hul perde vas te maak. Hier is twee trappies van die straat na die hek. Daar is nog geen sementblad op die sypaadjie nie.

Heel regs op die foto is die waghuis vir die wagte wat die President oppas. Dit is die eerste foto waar die ingangshek gesien kan word, op ander fotos is dit heeltemal oop. Die foto is voor 1896 geneem. Barnato se marmerleeus lê nog nie langs die stoep nie.